



Hulp dokumente om makliker te werk.  
Documents to assist and explain procedures.



## Program samestelling.

As daar reeds 'n byeenkoms was wat dieselfde itemlys gebruik, is dit altyd vinniger op daardie byeenkoms terug te plaas as 'n beginpunt. Dit is dan slegs nodig om die spanne te skraap en die instellings te verander.

### Nuwe byeenkoms itemlys.

Die itemlys moet op papier beskikbaar wees voor dit saamgestel kan word.

Die opsies is as volg:

<b>Skoon</b>	Verwyder enige bestaande items om voor te begin.
<b>Nuwe Item</b>	Voeg items by in die lys. Hierdie is die mees gebruikte opsie in die samestelling.
<b>Skuif Item(s)</b>	Word gebruik om die volgorde van items te verander.
<b>Skraap</b>	Verwyder 'n item uit die lys.
<b>Hernommer</b>	Hernommer die itemlys. Gewoonlik na een of meer items geskuif het.
<b>Wysig</b>	Verander die item geslag, ouderdom, item of vlak.
<b>Volgorde</b>	Verander die volgorde van vertoon om volledigheid na te gaan.
<b>Stoor</b>	Stoor alle wysiging wat gemaak is.
<b>Herlaai</b>	Herlaai die lys indien foute gemaak is.

Om 'n bestaande itemlys te wysig, gebruik net die **Skuif**, **Skraap**, **Nuwe Item** en **Hernommer** opsies.



Hulp dokumente om makliker te werk.  
Documents to assist and explain procedures.



Kliek op **Skoon** om enige bestaande items te verwyder.

Kliek dan op **Nuwe Item**.

Voltooi die item data en gebruik dan die 'Skuif' opsie om die data oor te dra. As alles klaar is, kliek die 'Einde'

Die item nommer begin by 1 en verander met elke byvoeging.

**Sub** word slegs gebruik as daar meer as 1 ouderdom of geslag gelyktydig aan 'n item deelneem. Dit is gewoonlik in stap of hindernis of baie lang afstande.

Gebruik dan a, b, ens. as die **sub** en behou die item nommer dieselde soos in:

3a S 19 3000m stap en 3b S 17 3000m stap.

**Tyd** is hoe laat die item begin. Dit kan ook 'n bloktyd se aanvang wees.

**Dag** bly 1 vir normale byeenkomste. Waar daar in die instelling gekies is dat die byeenkoms oor 2 of 3 dae plaasvind dan word dit daarvolgens gekies.

**Geslag** is ooglopend en kies dit net.

**Ouderdom** moet gekies word deur die afpyl te kliek. Moet dit nie intik nie.

**Item** sal 'n lys gee van items beskikbaar vir die geslag en ouderdom gekies. Kies dit uit die lys. Moet nie intik nie.

**Vlak** is die item vlak en die volgorde is Utdun → Kwart-Finaal → Semi-Finaal → Finaal

By meeste byeenkomste is daar slegs finale en op hoër vlak byeenkomste Semi-Finale en Finale. In SA is daar op geen byeenkoms uitdunne nie. Daar moet meer as 72 atlete in die item wees voor dit gebruik word.

**Deelname punt** word gebruik as daar meer as 1 punt is vir dieselfde veld item soos verspring A en B.

As al die inligting ingevoer/gekies is, kliek op **Skuif data na program lys**. Dit verskyn dan links en die velde bo gaan na die volgende item nommer toe.

Herhaal totdat alle items gedoen is of as 'n breek gevat moet word na 'n gedeelte ingevoer is. Kliek dan op **Einde van nuwe items** en daarna op **Stoor** om die veranderings af te handel.

Indien 'n item meer as een lopies benodig in 'n finale of semi-finaal word dit net 1 keer op die program gewys.

Sarel Bekker – 083 734-7079  
sbekker@bspport.co.za



Hulp dokumente om makliker te werk.  
Documents to assist and explain procedures.



As die itemlys voltooi is, gaan dit na vir korrektheid.

Dit sal lyk soos hier onder:

Saamstel			Vertoon			Analiseer		
No	Sub	Tyd	Geslag	Oud	Item	Vlak	Waar	Dag
1		07:00	Vroulik	19	10kmS	Finaal		1
2		07:00	Manlik	19	10kmS	Finaal		1
3		08:30	Manlik	15	5000mS	Finaal		1
4		08:30	Vroulik	15	5000mS	Finaal		1
5		09:00	Manlik	19	VS	Finaal	A	1
6		09:00	Manlik	17	PS	Finaal		1
7		09:00	Manlik	15	SG - 600 g	Semi-Finaal		1
8		09:00	Vroulik	17	DG - 1 kg	Finaal		1
9		09:00	Vroulik	15	HS	Semi-Finaal	A&B	1
10		09:00	Manlik	17	GS - 5 kg	Finaal		1
11		09:15	Vroulik	19	1500m	Semi-Finaal		1

Wysigings aan die tye of item nommers kan direk getik word. Enige ander verandering moet met die **Wysig** opsie gedoen word.

Klik op die item en dan op **Wysig**.

Saamstel			Vertoon			Analiseer			Rekords		Invoer/Uitvoer		Skep Program	
No	Sub	Tyd	Geslag	Oud	Item	Vlak	Waar	Dag	Nommer	Sub	Tyd	Dag	Bring wysigings aan en kies dan die Voltooi opsie	
1		07:00	Vroulik	19	10kmS	Finaal		1	5		09:00	1	<input type="button" value="Voltooi"/>	
2		07:00	Manlik	19	10kmS	Finaal		1						
3		08:30	Manlik	15	5000mS	Finaal		1						
4		08:30	Vroulik	15	5000mS	Finaal		1						
5		09:00	Manlik	19	VS	Finaal	A	1						
6		09:00	Manlik	17	PS	Finaal		1						
7		09:00	Manlik	15	SG - 600 g	Semi-Finaal		1						
8		09:00	Vroulik	17	DG - 1 kg	Finaal		1						
9		09:00	Vroulik	15	HS	Semi-Finaal	A&B	1						
10		09:00	Manlik	17	GS - 5 kg	Finaal		1						
11		09:15	Vroulik	19	1500m	Semi-Finaal		1						

**Geslag**  Manlik  Vroulik

**Ouderdom** 19

**Item** VS

**Vlak** Finaal

**Deelname punt** A **Veld items (A,B1)**

Dit is noodsaaklik dat die item kies blokkie by 60m moet beging. Indien dit die vorige item wys, klik net **Manlik, Vroulik 2 keer** en kies dan regte geslag en item.

Verander wat nodig soos vir 'n nuwe item en klik dan op **Voltooi**.

Om 'n item te vewyder, klik daarop en dan op **Skraap**. Daar sal gevra word of jy seker is. Klik op **Yes** om te skraap.

Om n item(s) te skuif, klik op **Skuif item(s)**.

- 1 Klik op die item wat moet skuif.
- 2 Klik op die item waar dit heen moet skuif.

Herhaal hierdie 2 stappe tot alle skuiwe gemaak is.

Hierdie opsie is nodig as item nommers verander is of as 'n item bygevoeg word wat nie aan die einde van die lys moet wees nie.

Nadat items geskraap is, nommers verander is en skuiwe gemaak is, sal die nommer volgorde foutief wees. Gebruik die **Hernommer** opsie om dit weer reg te stel. Stoor alle veranderings.

Sarel Bekker – 083 734-7079  
sbekker@bsport.co.za